

## BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

**J.D. OMER-COOPER***History of Southern Africa*

Claremont: David Philip Publisher

1987

310 pp.

R36,00 (plus AVB)

Gedurende die laaste twee dekades was daar 'n geweldige oplewing in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. 'n Hele aantal historici het die hervertolking van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat so lank al nodig was, met ywer aangepak.

Dit was veral die sogenaamde revisioniste wat met hulle studies uitgewys het dat die klem in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te lank eensydig op die blanke se geskiedenis geplaas is. In gespesialiseerde studies het hulle aandag geskenk aan die geskiedenis van bepaalde swart volke of groepe. Vir die eerste keer het die geskiedenis van die swartes op die platteland byvoorbeeld aandag gekry. Die invloed van die kapitalisme is sterk beklemtoon, en in die algemeen het daar 'n meer sosio-ekonomiese benadering in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gekom.

Hierdie werke het wel 'n nuwe interpretasie van die geskiedenis ingehou, maar dit was 'n gespesialiseerde en gesegmenteerde beeld. Die hervertolking van die Suid-Afrikaanse verlede het egter ook deurgang gevind na die meer algemene en omvattende werke oor die geskiedenis van die land. Die doel van hierdie nuwe werke word telkens gestel as 'n ontslae raak van mites en 'n wegbeweeg van die blankesentrisiteit wat die algemene geskiedeniswerke vir so lank gekenmerk het.

Een van hierdie algemene geskiedeniswerke wat met baie publisiteit aangekondig is, is die *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld* onder redaksie van Trewella Cameron, en meer onlangs was daar *Readers' Digest Illustrated History of Southern Africa - The Real Story* waarin die hervertolking veel verder gevoer is.

In 1987 het nog so 'n werk verskyn, naamlik J.D. Omer-Cooper se *History of Southern Africa*. Omer-Cooper, 'n professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Otago in Nieu-Seeland, en voorheen verbonde aan die universiteite van Ibadan en Zambië, is veral bekend vir sy boek, *The Zulu Aftermath*, wat in 1966 verskyn het.

Die werk van Omer-Cooper het bepaalde eienskappe in gemeen met die genoemde ander algemene geskiedenis. Al in die gevalle is die teikengroep 'n breër lesersgroep as net die student of dosent van geskiedenis. Al hierdie werke is ryklik geïllustreer wat dadelik 'n wyer trefwydte daaraan gee.

Omer-Cooper dui aan dat hy met hierdie werk 'n duidelike en oorsigtelike algemene geskiedenis van Suidelike Afrika wil skets, bedoel vir universiteitstudente en ander geïnteresseerde lesers wat nie juis 'n kennis van die onderwerp het nie.

Die tema van die werk beskryf hyself as "the historical explanation of the creation of that peculiar system of systematic racial discrimination, repression and exploitation known as apartheid and the evolution of that system from its original form in 1985 where it appeared to stand on the threshold of disintegration" (p. xi).

Die uitgangspunt waarvandaan Omer-Cooper die Suid-Afrikaanse geskiedenis benader, is dat tegnologiese ontwikkeling en ekonomiese belange en die belangebotsings van verskillende sosiale groepe die historiese ontwikkeling van die land verklaar. Die ontwikkeling van diskriminerende praktyke in die Kaapkolonie voor die negentiende eeu moet dus verklaar word in terme van die blankes se begeerte om die sosiale hiërargie wat geskoei was op ras en klas en vir hulle ekonomies voordelig was en sosiale status verleen het, te behou en te versterk. Net so kan die latere apartheid hoofsaaklik verklaar word in terme van die ekonomiese belange van die blankes eerder as deur bepaalde ideologieë oor ras of 'n bepaalde rassevooroordeel. Omer-Cooper erken dat hy die geskiedenis uit 'n neo-Marxistiese hoek benader, maar dat hy nie altyd met hulle woordeskat saamgaan nie.

Omer-Cooper is duidelik 'n materialistiese historikus. Die ekonomie is vir hom dig verweef in die geskiedenis van Suid-Afrika. Hy keer telkens terug daarna en beeld uit hoe dit gelei het tot en verweef is met apartheid. Die Groot Trek is byvoorbeeld vir hom die vestiging in die binneland van 'n blank-gedomineerde sosiale en ekonomiese stelsel wat aan die Kaap ontwikkel het. Die ontdekking van goud was egter die belangrikste keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit het die sosiale en ekonomiese patroon van die land verander van 'n "lapwerk" van landbou- en pastorale gemeenskappe tot 'n oorheersende industriële stedelike gemeenskap.

Dit is dus te verwagte dat hy ook heelwat aandag skenk aan die ontstaan en bestaan van klasse in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die invloed van ras word egter nie geïgnoreer nie. Om iets te wil begryp van die ontwikkeling van Suid-Afrika kan die twee aspekte immers nie apart van mekaar beskou word nie.

Klem word gelê op die konflik en kontak tussen verskillende groepe in die land, en hoe die swart deel van die bevolking telkens te na gekom is.

Om so 'n omvangryke onderwerp soos die geskiedenis van Suidelike Afrika in net minder as 300 bladsye te behandel, sal uiteraard beteken dat daar baie selektief te werk gegaan moet word. Omer-Cooper slaag met sy seleksie van individue en gebeure in sy doel om 'n samevattende en inleidende algemene geskiedenis daar te stel. Sy werk begin in die prekoloniale tydperk en loop regdeur tot in die Suid-Afrika van 1987. In die naskrif kan die leser selfs lees van Van Zyl Slabbert se bedanking uit die parlement, en president Botha se teregwyding van die Minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, oor dié se opmerking dat 'n swarte in die huidige bedeling president kan word. Die skrywer slaag dus daarin om die draad in die geskiedenis deur te trek tot by die heel onlangse verlede.

Met die lees van die werk word die verskil met die tradisionele geskiedskrywing van Suid-Afrika duidelik. In die hoofstuk oor "The mass migrations of the mfecane & the Great Trek", word veel meer ruimte afgestaan aan die mfecane as aan die Trek. Die Slag van Bloedrivier word in enkele sinne behandel, terwyl die Anglo-Boereoorlog nie meer as 'n paar paragrawe beslaan nie. Waar die Slag van Bloedrivier tradisioneel beskryf is as die dapper stryd van 'n handjievol Boere teen 'n oormag Zulus, skets Omer-Cooper dit so: "With extreme bravery they (Zulus) repeatedly charged the laager in the face of devastating fire. But courage was no substitute for gunfire. The Boer guns took a fearful toll and every shot of the cannon moved the Zulu down in heaps" (p. 80). Gebeurtenisse wat tradisioneel van deurslaggewende belang was, is in die nuwe geïntegreerde geskiedenis van Suid-Afrika duidelik ondergeskik. Behalwe die duidelike verskil in benadering word daar ook aandag geskenk aan aspekte wat voorheen nie ter sprake was nie.

'n Interessante hoofstuk is een met die opskrif "The three phases of apartheid". Die skrywer verdeel die ontwikkeling van apartheid in drie fases, naamlik die tydperk tussen 1948 en die einde van die 1950's - 'n tydperk wat hy die klassieke of baasskap-apartheid noem. Na die ontstaan van 'n Republiek, regeer deur die Afrikaners, volg die tweede fase, die tydperk van afsonderlike ontwikkeling. Die derde fase begin in die helfte van die sewentigerjare toe Suid-Afrika onder druk begin het om sekere beleidsveranderinge in te voer. Hierdie fase noem hy die fase van "multiracial co-option". Alhoewel 'n mens saam met die skrywer moet toegee dat die nuwe grondwet nie wesenlik aan apartheid verander het nie, moet aan die ander kant erken word dat die apartheid van 1987 sekerlik nie dieselfde is as die van 1975 nie. Apartheid het vele vorme, en hy kon gerus 'n vierde fase ingevoer het wat begin met die bewindsorname van P.W. Botha.

Die skrywer slaag daarin om die geskiedenis van al die inwoners van die land in een geskiedenis te integreer. Klem word gelê op die kontak wat daar tussen groepe was. Soos geïmpliseer in die titel, handel die boek oor die geskiedenis van suidelike Afrika en nie net Suid-Afrika nie. In 'n baie groot mate word ook daarin geslaag om 'n geïntegreerde geskiedenis van die hele substreek te gee. Ekonomies is die geskiedenis van die latere buurstate van Suid-Afrika reeds vir baie lank nou verweef met die land. Omdat die geskiedenis van Lesotho, Swaziland en Botswana egter ook 'n eie interne kontinuïteit het, word dit in 'n byvoegsel ook apart behandel. 'n Tweede byvoegsel handel oor die geskiedenis van Suidwes-Afrika.

Soos genoem, is die hervertolking van die Suid-Afrikaanse geskiedenis lankal 'n noodsaaklikheid. Die klage teen veral die Afrikaanse geskiedskrywing is dat dit te blankesentries is. In 'n poging om dit reg te stel, kan die teenoorgestelde egter gebeur. Omer-Cooper boet ook in hierdie opsig objektiwiteit in. Die probleem is nie sy selektering van stof nie, want soos genoem het hy goed daarin geslaag, maar in die benadering tot die stof. Dit is te duidelik dat hy wil wys hoe die swartes reg deur die geskiedenis die lydende party was. Sy eie bepaalde simpatie blyk ook te duidelik uit sy woordgebruik. Enkele voorbeelde hiervan is: Langelibalele en sy volgelinge wat, volgens die trant van die aanbidding, duidelik onskuldig was "were represented with great brutality" (p. 108); tydens die Bambatha-opstand is daar sprake van "ferocious conduct of the authorities" en "brutal conduct of the troops" (p. 153) en die Bondelswarts "(were) savagely crushed" in hulle stryd met die Duitse troepe (p. 268). Die optrede van die owerhede was seer sekerlik wreed, maar om deur middel van selektiewe woordkeuse voor te gee dat die wreedheid net van die een kant gekom het, is onwaar. As die outeur meer balans probeer skep het, sou sy boodskap dalk veel meer gewig gedra het.

In die uitbeelding van die Slag van Isandhlwana, wat in meer as 'n bladsy beskryf word, word vertel hoe die Zulus "with extreme courage" en ten spyte van "a murderous hail of fire" hulle grootste oorwinning behaal het. Die fisiese oorwinning word in neutrale terme beskryf: "The British troops were quickly overwhelmed and with the exception of a few fugitives the entire force was destroyed" (p. 115). Die Britte se daaropvolgende oorwinning by Ulundi (in 3 sinne beskryf) word aan die ander kant so geskets: "they (Zulus) were mercilessly slaughtered by volleys of rifle fire and hails of lead from the rapid-firing Gatling guns" (p. 116). Weer eens is daar 'n opvallende gebrek aan balans.

Ten opsigte van die meer resente geskiedenis is dit duidelik dat "police brutality" en "police killings" vir Omer-Cooper 'n groot oorsaak is vir die uitgerekte opstand in die land, terwyl Inkatha die rede is vir die wanorde in Natal. Vanweë die huidige noodmaatreëls se invloed op die vrye vloei van inligting weet 'n

mens nie wat presies aan die gang is in die land nie, maar die saak is beslis nie so eenvoudig as wat Omer-Cooper dit sien nie. Ten spyte van die noodtoestand het elke saak steeds twee kante.

Dit blyk egter dat Omer-Cooper ten tyde van die skryf van die boek meer positief was oor die toekoms van die land as in 1971. In dié jaar skryf hy 'n hoofstuk oor die geskiedenis van Suid-Afrika in die werk, *The Making of Modern Africa*. Hy sluit af op 'n onheilspellende noot: "The future does not look bright". In die werk onder bespreking is hy van mening dat "the white monopoly of power begins to crumble and its ultimate transfer to black hands can be seen to be approaching" (p. xiii).

Die bibliografie word verdeel volgens die verskillende hoofstukke. Dit is voordelig vir die student wat wil nalees oor 'n spesifieke aspek of tydperk van die geskiedenis en sodoende alle werke daaroor bymekaar vermeld het. Dit is egter opvallend dat die skrywer glad nie van Afrikaanse bronne gebruik maak nie. Hier en daar is wel 'n werk opgeneem van 'n Afrikaanssprekende historikus wat in Engels skryf of in Engels vertaal is, soos J.S. Marais, Herman Giliomee, Johannes Meintjes, F.A. van Jaarsveld se *The awakening of Afrikaner nationalism*, D.W. Kruger se *Parties and Policies* en nie-historikus W.A. de Klerk se *The Puritans in Africa*. Die Groot Trek word wel nie meer deur die revisioniste as belangrik beskou nie, maar kan daar in 'n wetenskaplike werk enigsins oor die Trek geskryf word sonder om hoegenaamd te verwys na die werk van Muller.

Daar kom feitlike foute voor in die boek, maar dit, en die ander genoemde punte van die kritiek ten spyte, is Omer-Cooper se werk 'n belangrike aanwinst tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Hy kom nie met nuwe kennis of 'n nuwe interpretasie na vore nie, maar dit was ook nie sy doel met die skryf van die werk nie. Hy wou 'n leesbare en inleidende teksboek skryf vir die student en onkundige belangstellende in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Die werk is tipografies baie netjies versorg. Elke bladsy is netjies met 'n raam omsluit. Die teks beslaan telkens twee derdes van die blad terwyl die res afgestaan word aan illustrasies en subopskrifte. Elke hoofstuk is verder verdeel in sinvolle onderafdelings. Daar is meer as 'n honderd illustrasies in die boek opgeneem. Wat verder ook sal bydra tot die werk se sukses as teksboek is dat die verhalende styl deurgaans dieselfde bly. In algemene geskiedeniswerke waartoe 'n hele aantal medewerkers bygedra het, is die wisselende styl van die verskillende skrywers dikwels verantwoordelik dat dit moeilik lees.

Alhoewel die interpretasie van die geskiedenis heel duidelik Omer-Cooper se eie subjektiewe interpretasie is, slaag die skrywer daarin om 'n goeie samevattende raamwerk van die Suid-Afrikaanse geskiedenis daar te stel. Dit is 'n geïntegreerde geskiedenis van al die bewoners van die land, en as sulks belangrik, maar ongelukkig is dié geskiedenis nog steeds nie gebalanseerd nie.

T.B. VAN DER WALT  
*Universiteit van Suid-Afrika*

**J.S. BERGH** (red.)  
*Die Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*  
Pretoria: De Jager-HAUM  
1988  
189 pp.  
R24,95 (plus AVB)

Hierdie slapband publikasie van die Universiteit van Pretoria bevat nege bydraes wat tydens 'n reeks fakulteitslesings rondom die feesjaar 1988 gelewer is. Aantekeninge oor die skrywers, 'n bedankingswoord, 'n voorwoord en inleiding (deur redakteur J.S. Bergh) is ingesluit.

Die artikels wissel in lengte, diepsinnigheid en benadering. Elke skrywer dra self volle verantwoordelikheid vir sy hoofstuk. Die stukke is ryk aan bronverwysings, maar 'n literatuurlys ontbreek - òf by elke hoofstuk, òf dan oor verwante temas gesamentlik, òf dan wat die boek in sy geheel betref. Dit is 'n leemte. Daar is ook geen register nie.

Die verskeidenheid skrywers en temas verbreed die algemene ontplooiing van die geskiedenis, maar stukke rakende die Groot Trek oorheers opvallend. Die talle swart en wit foto's afgedruk, verhoog nie juis die waarde of bruikbaarheid van die publikasie nie; selfs die teendeel is waar. Dit is jammer dat tabelle (wel op pp. 70, 71) en grafiese voorstellings asook afdrukke van die historiese fries in die Voortrekkermonument en die tapisseriewerke in die Voortrekkermonumentmuseum plus kaarte oor Portugal, Afrika, Mosambiek en Angola ontbreek. Die kaarte op pp. 80 en 103 is wel heel nuttig. Die foto's gebruik, is boonop meesal reeds bekend.

Heel gepas begin die werk met O.J.O. Ferreira se knap bydrae oor die Portugese kultuurlewe van hulle dekades van ontdekking en uitbreiding. Die leser ken hierna die hele land en haas al sy ander fasette. Tog ontbreek dit aan 'n sterker nota oor die ekonomie as sodanig wat tog beslis die kultuur beïnvloed het. Die redes vir die verval van Portugal ná 1550 (pp. 44, 45) in die *Slot* stem die meer ingeligte leser, na die lees

van die boek, tot verrykte nadenke. Maar dis in sy geheel 'n afgeronde, feitlike hydrae sonder kommentaar.

A.P.J. van Rensburg toon aan wat Portugal se posisie in suidelike Afrika was; meer bepaald Angola en Mosambiek. Hy lê die klem op kleur en ras, op die mislukte beleidspogings, op die ineenstorting van 1974. Die verhaal is verhelderend - al is dit kort en oorsigtelik. Die leser weet minstens waarmee en waarom Portugal geworstel het.

R.T.J. Lombard het dit oor die Hugenote en ons bevolkingsamestelling. Dit is werklik leeswaardig, want deur ander bekende outeurs oor die tema te betrek, gee hy krag ook aan sy eie stellings. So byvoorbeeld stel hy Heese se bevindings (1971) in perspektief. Die hoofsaak bly die feit dat die Franse rol groot en lank blywend was.

Die mees gehaltevolle hydrae kom van R.D. Coetzee wat betref volkekundige groeperings. Dis deeglik, akademies, verstaanbaar, noukeurig uitgepluis. Daarby lewer hy talle verantwoordelike, bewese uitsprake. Hy glo dat die Zulomag in 1838 reeds gebreek is (p. 94) en nie eers in 1879 nie. Die *Slot* (pp. 96-97) is ryk aan besondere gedagtes. Was die Xhosa selfmoord dan nie in 1857 nie (vergelyk p. 83, 1856)? Op p. 94 mislei die woordkeuse *man* miskien die leser waar hy skryf bykans 100 man-(skappe) is saam met Retief vermoor. Die indeling was tog Retief plus 70 "burgers" plus ongeveer dertig gekleurde helpers, ondersteuners, agterryers.

Die artikel deur F.A. van Jaarsveld oor die plek in die historiese bewussyn van die Afrikaner rakende die Groot Trek bevat niks nuuts nie. Dit is dieselfde, oorbekende strewes waarmee hy voortgaan om die Groot Trek sogenaamd te ontmasker, te suiwer, van mites te bevry. Daar is haas geen begrip of waardering vir die Afrikaner van ná 1910 nie. Wanneer hy na die staatswa van die FAK en die volkswa van die Volkswag verwys (p. 102), is dit wel gevat, maar hy dwaal volledig wat uitgangspunt betref, en gee minstens aan die FAK aanstoot. Die hele betrokke paragraaf hinder. Trouens, op p. 109 slaan die negatiewe ingesteldheid opvallend deur. Dis immers wêreldwyd steeds normaal om vir mense van die verlede monumente op te rig. Wat presies word buitendien gesinspeel met die woorde "... wat impliseer dat hulle daar was nog voor die Kaap in 1806 verower is" (p. 113)? Die hele artikel is ontmoedigend, en afbrekend in die oënskynlike poging om by die sogenaamde totale waarheid en eerlikheid aangaande die Groot Trek uit te kom. Willem Richards se onlangse artikel elders oor die rol en plek van die mite is so radikaal anders en positief! Wanneer die huidige agteruitgang van die vak Geskiedenis op 'n keer verreken word, sal ook die volgehoue aftakelende negatiewe van juis enkele beoefenaars van die vak gewis opvallend wees.

L.C. Eksteen bekyk, aan die hand van ander outeurs, die Afrikaans van Louis Tregardt in sy *Dagboek*. Eksteen is deurgaans vakman, maar hy is ook positief, leersaam, ontledend, eerlik. Hy dra kennis oor; hy stem tot nadenke. Dis jammer dat hy met die spelling Trigardt volhou - ongeag voetnoot 42, hoofstuk 6. Vergelyk ook voetnoot 32, hoofstuk 8.

Die vreemdsoortige, interessante, omvangryke studie deur T. Gouws is slim uiteengesit, is ryk in benadering en getuig van belesenheid. Tog sou 'n mens wou weet wat presies dit alles met Susanna Smit en die Groot Trek te doen het, want syself was, gelukkig, nie van hierdie sielkundige woelinge en hulle duister betekenis bewus nie. Die leser begryp nietemin dat die artikel 'n verruiming rondom die begrip Geskiedenis en die terrein van die Groot Trek bring wat by geleentheid verwelkom moet word.

J.C. Pretorius gee 'n rustige, onpartydige, samevattende oorsig van Africanaprente uit die tyd van die Groot Trek. Die talle foto's is vanweë hulle swart-en-wit, swak voorkoms nie juis doeltreffend nie. Tog dra hulle duidelik die gedagtes oor wat tuisgebring wil word.

N.J. Coetzee het dit oor die voorstelling van die Voortrekkers in die kuns. Met sy begrensings, vóór 1930 asook tydens en ná 1930 se jare, sou 'n mens volledig kon saamstem as Coetzee nie plek-plek negatiewe(?) kommentaar lewer wat op wysheid (?) dui wat hy persoonlik eietyds, agterna dus, op besluit het nie. Hy ontdek (?) verskynsels en motiewe in die kunswerke, soos die historiese fries van die Voortrekkermonument, wat nie bewys kan word nie. J.C. Pretorius se verwante tema, maar neutrale aanbieding, vertoon daarom ook baie sterker. Dis immers waar dat al was swartes, oud-slawe en gekleurdes onderdele van die geheel van die Groot Trek, het hulle nie beleid help bepaal nie, is hulle mening nooit gevra nie, is hulle nie in ag geneem nie - en daarom is hulle in byvoorbeeld die historiese fries "afwesig", of word hulle byna slegs as deel van die vyand se kring voorgestel. Dis immers waarom dit op die Trekpadd gegaan het - swart vyande en swart volkere en 'n eie, vry Voortrekkerstaat.

Sommige algemene foute hinder, hoewel nie na álmal verwys kan word nie. Vergelyk haar/sy konings p. 6, Mohammedane/Moslems p. 9, tipiese/tipies inheemse p. 20, teruggekom/tereggekom p. 54, die keuse halfnaatjie vir *mestico* p. 59, "... het op die Portugese samelewing", p. 63, skrap die op. Op p. 67, paragraaf een en twee, word nota 3 en 4 herhaal, en is daar groot woordverwarring. Op p. 107 is dit nie landswyd nie, maar landwyd, en kan daar nie ens. geskryf word wanneer en andere bedoel word nie. Verdere glipse vind ons op p. 134, hoogstens/hoochstens, p. 136 inglui/ingelui, p. 141 verval/veral, p. 141 verdrukking/verdrukking, p. 141 sel/stel, p. 148 volk blye/bly ewig, p. 150, voetnoot 76 D.W. Kruger/Krúger, p. 179 van algemene/algemeen historiese, p. 181 verswelg, of in kort/kortliks, p. 184 wesenlike/wesenlik simboliese

aard... Verder, is die 1838... 1938... 1844 in die titel van A. Delagorgue se boek (p. 152) korrek weergegee? Is die aanhaling, voetnoot 29, p. 139 korrek weergegee? Is die byskrif op p. 164, foto 8.12 korrek?

Die Universiteit van Pretoria word gelukkigewens met die aanbied van hierdie feeslesings in 1988, en veral die bundel daarvan. Die aanslag in sommige bydraes wat die Groot Trek betref, maar totaal afwesig in die bydraes aangaande die Portugese en Hugenote en inboorlinge, doen vreemd en ontstellend aan. Trouens, dit wil voorkom asof die sogenaamd objektiewe benadering en beweerde herwaardering of hoë akademiese uitgangspunt betreffende die Groot Trek, en die Afrikaner, slegs negatief dūrf wees. So gesien, kan die feesjaar dalk tot die Afrikaner se verdere benadeling bydra, in plaas daarvan dat wysheid, kennis en begrip saam met punte van positiewe akademiese kritiek leer ken is.

MARIUS J. SWART

*Universiteit van Port Elizabeth*

### J. CELESTINE PRETORIUS (red.)

*Op trek: die daaglikse lewe tydens die Groot Trek*

Melville: Scripta Africana

240 pp.

R67,00 (plus A.V.B.)

Die oogmerk wat met hierdie publikasie gestel is, was om met die 150-jarige herdenking van die Groot Trek vir die jeug 'n blik te gee op die kulturele lewe van die gewone Voortrekkers gedurende die fisiese fase van die beweging. Die werk is dus op 'n spesifieke teikengroep gerig en enige beoordeling daarvan moet teen hierdie agtergrond geskied. Dit blyk voorts dat die vertikale skaal van die publikasie verder beperk word deurdat vir die versameling van die feitemateriaal veral gekonsentreer is op die kultuurskatte wat in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum self gehuisves word en op gepubliseerde werke rondom die Groot Trek.

Vir diegene wat hieruit sou aflei dat 'n verwaterde en geykte weergawe van die kulturele agtergrond tot die Groot Trek aangebied word, wag daar 'n aangename verrassing. In 'n keurig versorgde teks, ryklik geïllustreer met goed gekose illustrasies, word die leser in die bestek van dertien hoofstukke met talle interessanthede omtrent die lewe van die Voortrekkers vertrouwd gemaak.

Die historiese agtergrond word slegs kripties bygewerk en daar word op aspekte soos die volgende gekonsentreer: die mense wat aan die Trek deelgeneem het, die ossewa en verwante aangeleenthede, voedsel, kleredrag, die jag, organisasie van die Trekkergeselskappe, godsdiens, opvoeding en sosiale vermaak. Gegewens oor die Trek wat nie altyd maklik opspoorbaar is nie, word vir die eerste keer saamgebundel en op hierdie wyse alreeds voorsien die werk aan 'n besliste leemte en word 'n bydrae tot die algemene historiese literatuur gelewer.

Hier en daar kom nogtans stellings voor, veral sover dit die historiese aanbetref, wat nie summier aanvaar kan word nie. So word dit byvoorbeeld gestel dat Potgieter se "onvermoë om met ander leiers saam te werk, ... daartoe gelei [het] dat hy noordwaarts ... getrek het" (p. 23). Dit ten spyte daarvan dat Potgieter tog uit die staanspoor te kenne gegee het dat hy na Transvaal wou trek. Dieselfde kritiek kan ingebring word teen die bewering "Potgieter word oor die hoof gesien", wanneer die Voortrekkerbestuur behandel word (p. 18). Potgieter se voorneme om hom in Transvaal te vestig was inderdaad die "rede" waarom hy oor die hoof gesien is. Die teks is oormatig met voetnote oorlaai, terwyl die verwysingstegniek nie almal sal bevredig nie. Oor bepaalde aspekte kon meer gegewens verstrek gewees het. So word byvoorbeeld volstaan met die opmerking dat "verskillende beskrywings en menings" oor die vorm van die laer by Bloedrivier bestaan, terwyl hierdie aspek darem al deeglik deur prof. F.J. du Toit Spies en B.J. Liebenberg uitgepluis is. Die gedeelte oor diereplekname berus slegs op die Tregardt-dagboek se relaas, terwyl interessante gegewens ook van ander bronne verkry kon gewees het. In die gedeelte oor kosmaak sou 'n mens graag meer oor die vleisgeregte wou verneem en veral van die braaigeregte.

Ten spyte van die bogenoemde punte van kritiek moet die navorsers van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum met hierdie publikasie gelukkigewens word. Waarskynlik is meer daarmee bereik as die beperkte doelwit wat hulle hulleself vooropgestel het.

S.F. MALAN

*Universiteit van Suid-Afrika*

**J.C.H. GROBLER***Politieke leier of meeloper? Die lewe van Piet Grobler 1873-1942*

Melville: Scripta Africana

1988

462 pp.

R49,95 (plus AVB)

Bloot die titel van hierdie werk behoort enige student wat in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika belangstel te prikkel om die boek te lees. Die treffende titel, nl. *Politieke leier of meeloper?* is 'n juiste beskrywing van die lang pad wat Piet Grobler in die openbare lewe geloop het. Sy politieke optrede in die stryd tussen die generaals, Louis Botha en J.B.M. Hertzog, is tiperend van die rol wat hy gespeel het. Gedurende hierdie hele episode kon Piet Grobler hom net nie tot 'n besluit dwing nie en wou hy die beste van altwee wêreldes hê. Dit is juis hierdie rol wat Piet Grobler gespeel het wat op voortrefflike wyse deur sy kleinseun, J.C.H. Grobler, uitgelig word.

Die werkslaan 'n brug tussen die oue en die nuwe. Nie alleen word die geskiedenis van die laaste twee dekades van die Z.A.R. volledig behandel nie, maar word die opbouproses van veral Transvaal na die Anglo-Boereoorlog uitgelig. Die totstandkoming van die Unie en die onmiddellike gevolge hiervan vorm die beginpunt van wat eintlik die politieke geskiedenis van Suid-Afrika tot 1940 is.

Die lewe van Piet Grobler is so nou verweef met die politieke geskiedenis van die land dat sy politieke loopbaan sedert Uniewording grootliks ooreenstem met die gebeure op hierdie gebied. Enkele hoogtepunte wat op treffende wyse deur die skrywer belig word, is die skeuring in Afrikanergeledere na Uniewording; die regering van die Pakt, koalisie en samesmelting en uiteindelik weer die uitmekaarspat van die Afrikaner in die laat dertigerjare. Piet Grobler was by die meeste van hierdie gebeure teenwoordig en het in 'n mindere of meerdere mate rigting en beslag hieraan help gee.

Ten spyte daarvan dat die outeur oor sy grootvader skryf, is die werk verbasend objektief. Die skrywer weifel nie om te wys op inkonsekwente optredes van Piet Grobler of om kritiek te lewer oor sy besluite-loosheid nie. Die beste voorbeeld van hoe die skrywer daarin slaag om hom van sy agtergrond los te maak, blyk uit die feit dat hy dit duidelik aantoon dat Piet Grobler vir hom 'n leiersfiguur idealiseer en hom dan klakkeloos navolg. In sy vroeë loopbaan was dit Paul Kruger, terwyl genl. J.B.M. Hertzog vir die laaste drie dekades van sy lewe hierdie rol vertolk het.

Die navorsing wat vir hierdie werk gedoen is, is uit die boonste rakke. Die skrywer het nie alleen alle beskikbare sekondêre bronne hanteer nie, maar het ook by alle navorsingsinstansies waar daar inligting oor Piet Grobler was, besoek afgelê. Dit het hy opgevolg met insae in die persoonlike versamelings van Grobler, asook onderhoude met familie en vriende. Die waarde van die werk word verder verhoog deur 'n wetenskaplike verwysingsmetode wat veral vir 'n student in die spesifieke vakwetenskap van groot waarde kan wees. Die register is netjies en beslis bruikbaar. 'n Paar interessante foto's maak deel uit van die goeie tipografiese versorging, waarvan die treffende voorbladontwerp die meeste aandag trek.

Hierdie werk gaan ongelukkig mank aan 'n paar ernstige gebreke. Die eerste is dat dit byna voorkom asof die boek deur twee verskillende skrywers geskryf is. Die eerste aantal hoofstukke, 1-9, is kennelik die proefskrif van die outeur, soos ook blyk uit die voorwoord van die werk. Hierdie eerste 193 bladsye lees moeilik, wemel van direkte aanhalings en is in geen vloeiende styl geskryf nie. Die gemiddelde leser, maar ook die student in die vak worstel om deur hierdie aanhaling op aanhaling te kom, die skrywer se opmerkings in hierdie verband in die voorwoord ten spyt. Daarby is die direkte aanhalings hoofsaaklik uit Nederlands wat die leesproses vir die gewone leser 'n moeisame proses maak. Die tweede deel van die werk staan in absolute kontras hiermee. Vanaf p. 194 is die styl veel meer aanneemlik, is direkte aanhalings met oorleg gekies en lees die werk meer vloeiend. Uit die teks is dit duidelik dat die skrywer nie die eerste deel van sy werk, nl. sy proefskrif, aangepas het om 'n eenheid met die tweede deel te vorm nie.

'n Tweede leemte van die werk is dat die kleinste denkbare besonderhede daarin beskryf word. Die leser raak maklik verstrik in fyn detail en dikwels loop die skrywer 'n wye draai wat nie soseer enige implikasie vir Piet Grobler inhou nie. Die vlagstryd en die byna terloopse invloed van Grobler in hierdie verband is 'n voorbeeld daarvan. Aan die anderkant ontbreek dit weer aan inligting waaroor die leser nie beskik nie. 'n Enkele voorbeeld hiervan is die verwysing na die dinamietkwessie op p. 32. Min lesers sal oor die nodige agtergrondkennis in hierdie verband beskik.

In hoofstukke 1 tot 10 het die skrywer van 'n suiwer chronologiese indeling gebruik gemaak. Vanaf hoofstuk 11 het hy 'n tematiese indeling gevolg. Hierdie toedrag van sake hinder nie net wat die chronologiese vloei betref nie, maar laat in hoofstuk 11 onbeantwoorde vrae ontstaan. Die gesondheids-toestand van Piet Grobler word in opeenvolgende hoofstukke in besonderhede behandel, maar in hoofstuk 11 word daar net terloops daarna verwys.

Ten spyte van die tekortkominge het die skrywer met hierdie bydrae 'n leemte in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedskrywing gevul. As suiwer wetenskaplike naslaanwerk sal hierdie boek op menige his-

torikus se rak pryk. Die leek sal egter moeilik sy weg vind deur die talle onnodige aanhalings, die absolute fyn detail en die syppaie wat die skrywer loop.

S.L. BARNARD

*Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

### ROBERT I. ROTBERG

*The Founder: Cecil Rhodes and the pursuit of power*

Johannesburg: Southern Book Publishers

1988

800 pp.

R59,95 (plus AVB)

Hierdie hoogs geslaagde boek, in 'n hardeband, teen slegs ongeveer R60, bevat 'n waarlik toeligtende Voorwoord, nege nuttige kaarte, talle en talle bruikbare foto's, vyf en twintig stewige hoofstukke, ongeveer 60 pp. waardevolle notas en verduidelikings, 'n omvangryke en ter sake bibliografie wat op sigself baie goed onderverdeel is wat betref werke oor C.J. Rhodes (1853-1902) as sodanig, primêre en sekondêre bronne van 'n ryk verskeidenheid plus ander biografiese asook saamgestelde biografiese publikasies. Die register strek oor 28 pp. Dit wemel voorts van aanhalings wat groot betekenis het.

Geen wonder nie dat Rotberg, 'n gesaghebbende akademikus oor Afrika, 'n stuk persoonlike lewens-taak van ongeveer 25 jaar met hierdie boek vervul het. Hy skryf immers oor die ingewikkelde, ontwykende figuur wat Rhodes in ieder geval vir tydgenote was en vir navorsers is. En hy skryf boonop oor Rhodes in terme van dié se lewensfilosofie, lewenswyse, seksuele verwickeldheid, verhoudings met 'n verskeidenheid mense; sy posisie rondom Britse imperialisme, geldmagnate, breë ekonomiese ontplooiing, etniese botsings, Engelse kulturele ideale (p. 682), Afrika-vraagstukke en Afrikanernasionalisme.

Die boek is dus veel meer as 'n biografie, want die psigologiese openbarings (veral dan die werk van Miles F. Shore wat ook as 'n soort meewerkende skrywer genoem word), is saam met politieke gebeure, die talle verwarrende teenstrydighede by Rhodes, die leemtes vanweë sekere soorte ontbrekende navor-singsmateriaal en die reeds bestaande oordaad aan skryfwerk oor Rhodes alles in 'n lywige geheel saamgevat.

Resensente sal beslis die stelling maak: lees gewis hierdie boek oor Rhodes, want daar bestaan geen ander geskrif oor hom wat so omvangryk, indringend en vol uitsprake is nie. Maar die belangrikste gedagte is dan Rotberg, van Tufts Universiteit in die VSA, se eie mening: dat hy Rhodes ná alles nog steeds nie as 'n volledig begrypbare wese kan plaas nie ongeag die ontleding van Rhodes as administrateur, politikus, finansiële knoecier, historiese figuur, sjarmente gasheer, rewolusionêre konkelaar en meedoënlose uit-buiter van medemense ten einde die ideaal van 'n gegewe oomblik/tydperk te bereik. Kortom, Rhodes is as skurk en held aangebied. Rotberg skryf op p. 408 dan ook: "Nevertheless, it is clear that Rhodes' homosexuality, which is indisputable on the basis of the available evidence, was a major component of his magnetism and his success." (Kyk ook op pp. 680, 681.) Dis nou voorwaar teenstrydige stellings!

Die boek bevat bekende, nuwe en hervertolkte besonderhede aangaande Rhodes en die Rhodesië-gebiede, swartes, die Afrikaner in al sy variasies en betrokkenhede, Rand-rykes, die huidige Botswana, mynvennote, 'n duisternis maatskappye - veral dan die *British South Africa Company, Goldfields, De Beer's* - Kaapse politiek, Britse politici soos premier Gladstone en Joseph Chamberlain, die diamantbedryf, allerlei soorte wetgewing oor stemreg en Kleurlinge of goudmyne, die Jameson-inval, Paul Kruger, Mafeking, John X Merriman, J.W. Sauer en W.P. Schreiner, Europese state soos veral Brittanje en Portugal, en die Universiteit van Oxford.

Van nader belyk, kan 'n mens aan slegs enkele temas meerdere aandag skenk. Dit bly egter willekeurig gekies, aangesien elke aangeleentheid meerdere ontleding verdien. Rhodes was immers volledig betrokke by die talle fasette waaraan hy wel sy bekwame aandag geskenk het. Tog het sy buie gewissel, want na 'n tydperk van intense woeligheid het hy 'n maatskappy, 'n ideaal, 'n mens net gewoon eenkant gelaat. Sy ywer om ryk te word, mag te bekom, die Engelse milieu in Afrika tot sy uiterste te verbreed en te verdiep, het nietemin enduit oorheers. (Kyk p. 681.) Sy vry vroeë veroudering (hy sterf op 48 jaar) het wel eventueel sy pas verlengsaam, maar in sy aktiewe lewensjare het hy bykans drie leeftye ingepas. Daarby het hy straf geëet, gedrink, gerook. Sy knaende spel van *conciliation and personal manoeuvring* was gewis veeleisend.

Wat verhelderend is, is die skakeling tussen Rhodes en Olive Schreiner asook prinses Radziwill. Beide vroue het hom probeer inpalm en benut - tevergeefs. Rhodes se teenwoordigheid in Kimberley tydens die beleg (1899-1900) word volledig en pragtig aangebied, maar die probleem rakende sy aanwesigheid, hoegenaamd, aldaar word nie opgeklaar nie. Dalk wou hy 'n held wees! Desnoods is hy reg bewys dat die beleg vry spoedig, suksesvol en tot roem van Brittanje afgehandel sal wees - net soos die oorlog self waar-

van hy tot op die laaste oomblik geglo het dat dit in ieder geval nooit sou uitbreek nie (p. 619)! Rotberg dui deurgaans aan dat Rhodes se krag in *persuasion* gelê het; in *sy intuition on longer range*; in sy vermoë om die gedagtes en idees van andere vinnig en maklik oor te neem, aan te pas en as sy eie wysheid oor te dra. Maar geld dit van Kimberley ook?

Oor ander groepe -Afrikaners, Kleurlinge, swartes - het hy immer wisselende uitsprake gelewer. Rhodes kan dus kwalik as 'n getuie vir of teen in enige verband ingeroep word. Maar oor die *British race* was hy deurgaans en enduit entoesiasies. Hy het in die roeping, gawes, doel met en humanisme van die Engelse asook hulle waardes, kapitaalvermoë, taal en gewoon Britsheid geglo en daarmee te koop geloop. Sy beleid was: *conquer and then civilize* - volgens Anglo-Saksiese inhoud en patroon. Maar vir sy weer-gawes van *a civilised man* (bv. p. 611) het hy nie altyd steun ontvang nie. Sy hele wese was immers op *vote-catching devices* ingestel.

Die Jameson-strooptog van 1895/96 word volledig behandel (pp. 515-560). Hy was magtig, ryk, byna onaantasbaar toe hierdie onsinige (vir Rhodes) debakel gevolg het. Rotberg spaar Rhodes geensins nie - vir Jameson en andere nog minder. Magspolitiek, wat deurgaans Rhodes se benadering was, het kennelik hier misluk en hom geregverdiglik sy Kaapse premierskap gekos. Oor Paul Kruger word hier nie soveel uitgebrei nie, maar president Kruger word haas oral negatief, agterlik, lastig, belemmerend aangedui.

Wat swartes as groep betref, was Rhodes geensins hulle vriend nie. Hy het individue gehelp en gevleuelde woorde oor hulle uitgespreek, maar in die praktyk is hulle deur hom verower, uitgebuit en aangewend (p. 562): "subordinating any rights that they might be said to possess to his over-arching imperial design" (p. 551). Die negatiewe uitspraak deur Rotberg ook gebruik, oor alle *white native commissioners* en alle *colonial whites* (p. 551, 552), is egter 'n kwaai, onaanvaarbare veralgemening. Maar Rhodes wou wel alle ander mense hulle Afrika-aarde so veel as moontlik ontnem - sê nie wie en sê nie hoe nie - ten einde dit alles onder 'n Britse vlag en Engelse samelewing te bring. Oorlog, misleiding, politieke benutting en opheffing was dan ook alles deel van Rhodes se apparaat, strategiese spel, selfs speletjies, en mondering tot sodanige vervulling. Terloops, interessante feite word oor die Glen Grey Wet (1894) en die *Masters' and Servants' Act* meegedeel.

Ten slotte is dit verbysterend om te lees hoe Rhodes met Kaaplandse politiek en -politici omgegaan het. Manne soos Thomas Scanlen, Sprigg, Onze Jan Hofmeyr, Thomas Fuller, James Rose Innes, Sivewright, Charles Rudd en talle ander het mekaar benut, uitoorlê, gewantrou of misbruik ten einde dikwels hulle slegs hoogs persoonlike belange en eie mag te bevorder. Dieselfde geld ten opsigte van redakteur William Stead, Barnato, Beit, Nathaniel Rothschild en andere wat betref goud, dinamiet, diamante, grond, begunstiging en aantasting. Soms wil die leser vra: is dit werklik alles denkbare, waar, regverdig of toelaatbaar?

Hierdie boek bied antwoorde en verskaf insig, maar Rhodes het hom nie eens deur die knap Rotberg en sy span bekwame helpers laat vasvat of volledig laat dissekteer nie. Rhodes bly dus die ontwykende, glibberige, onbekende mens nadat hy so deeglik aangebied en voorgestel is. Deels lê die rede hiervoor darem ook in Rotberg se benadering. Bepaalde temas word nie in hulle geheel afgehandel nie. Daar word kort-kort weer na 'n gebeure, persoon of siening in 'n totaal ander hoofstuk teruggekeer. Ja, dis daár ook ter sake, maar dit word nêrens afgerond of voltooi nie. Tog, 'n geniepsige en onbestendige man soos Rhodes - wat opvoeding, bedrog, beskaaftheid en gewere ewe kwistig aangewend het - is presies so 'n figuur. Nietemin, dis 'n heerlike leeservaring wat kwaliteit, omvang, prikkeling en poging tot objektiwiteit betref. Eintlik behoort lang gespreksdiskussies oor die boek gereël te word, en dis tog waarom skryfwerk in die geskiedenis gaan.

MARIUS J. SWART

*Universiteit van Port Elizabeth*

P.H.R. SNYMAN

*Danielskuil: van Griekwa-buitepos tot dienssentrum*

Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

1988

192 pp.

R20,00 (plus AVB)

Die titel van die boek skep verwarring. In teenstelling met werke soos *Pietersburg 100 jaar* waar die voornemende leser weet dat hy met 'n eeufesbundel te doen het, gee die titel van *Danielskuil* nie 'n soortgelyke begrensing nie. "Griekwa-buitepos" is selfverklarend, maar "dienssentrum" kom nie in voor-die-hand-liggende verklarende woordeboeke voor nie. By navraag blyk dit dat die algemene publiek "dienssentrum" as "iets met 'n ouetehuis te doen" identifiseer, en in die Pretoria-gids is 'n dienssentrum dan ook in



die sin opgeneem dat 'n mens teen nominale betaling sekere "dienste" kan kry. Sou dit nie eenvoudiger wees om bloot Danielskuil as *dorp* te tipeer nie?

In die inleiding stel Snyman dit duidelik dat streekgeskiedenis en plaaslike geskiedenis reeds 'n regmatige plek in die geskiedskrywing beklee - mikrokosmos vorm 'n onderdeel van die oorkoepelende samelewingsstruktuur - en plaaslike geskiedenis kan as onderbou vir die nasionale geskiedenis gesien word. In hierdie opsig bevredig *Danielskuil* want latere navorsers sal hier 'n ryk skat van gegewens, wetenskaplik gefundeerd en voldoende in die register erken, vind. Terloops kan ook dank uitgespreek word vir die deurlopende voetnootnumering wat die kontroliering van verwysings vergemaklik. Nêrens in die boek word egter vermeld of historici die enigste teikengroep van die studie is en of *Danielskuil* ook vir 'n breër mark beplan is nie.

Die boek is in drie dele ingedeel. Deel I handel oor die evolusie van Danielskuil as woonplek en die ontwikkeling vanaf die Steentydperk tot 1915 word weergegee. Hoofstuk 2, wat handel oor die Griekwa-buitepos 1820 tot 1850, is besonder waardevol vir toekomstige navorsers, want hoewel min "nuwe" stof hierin vervat is, is dit tog 'n sinvolle byeenbring van inligting. Deel II handel oor "Vooruitgang en verval oor die laaste 70 jaar" en hier het die skrywer die boek 'n onguns bewys deur nie liewer te sê wanneer die 70 jaar is waarna verwys word nie. Datums sou dit vir lesers vergemaklik het, want nou moet die leser eers die datum van uitgawe kontroleer, of besluit dat 1915 waarskynlik die datum is vanwaar 70 bygetel moet word. Die deeglike navorsing en poging om ekonomiese ontwikkeling, die rol van die plaaslike owerheid, bevolkingsverhoudings en sosiaal-ekonomiese opheffing te bespreek, maak deel II van aktuele belang. In deel III is *Allerlei* vervat en vorm dit 'n gerieflike verwysing van Danielskuil se gemeenskapslewe, name van organisasies, verenigings en ander instellings, amspdraers en interessante gegewens wat nie anderssinds verstrek kon word nie.

Die eise wat aan die skryf van streek- en dorpsgeskiedenis gestel word, kom basies ooreen met die van enige historiese werk. Snyman kan gelukkig word met die pynlik-deeglike navorsing. Die leser kom diep onder die indruk van sy meedoënlose opdieping van besonderhede, wat egter soms grens aan beuselagtigheid, soos byvoorbeeld op p. 126 waar 'n brief van 'n ma oor strafwerk van 'n kind gebruik word om tot 'n besluit te kom dat die skoolhoof en leerkrigte se gesag ondermyn is. In enige gemeenskap het mens tog die verskynsel van enkele "moeilike" ouers. Hierdie gevoel dat Snyman nie 'n enkele brokkie van sy navorsing onbenut wou laat nie, word verder versterk op byvoorbeeld p. 127 waar 'n verskeidenheid van onderwerpe in een paragraaf inforseer en summier "afgehandel" word: die Ossewatrek van 1938; 'n reël gewy aan die opstelling van dr H. van der M. Scholtz se toespraak; sport en bioskoopvertonings en jaarlikse tentoonstellings; sowel as die ontstaan van die Provinsiale biblioteek. Losstaande feite wat aaneengeryg word, kom ook op p. 129 voor waar die Volkswag se kortstondige bestaan, "Volkspeler het in 1986 herleef" en die volgende sin "In die Kleurlinggemeenskap geniet koorsang hoë aansien" 'n blote samevoeging van uiteenlopende sake is.

In aansluiting hierby die grondigste beswaar wat teen die boek ingebring word, naamlik dat die besonderhede nie tot sintese verwerk word nie. Gulde geleenthede, wat deur Snyman self aangetoon word, gaan hierdeur verlore, soos byvoorbeeld op p. 104 waar hy noem dat die rol van plaaslike owerhede in die verarming van lokasiebewoners en die vervreemding wat tussen die verskillende groepe gevolg het, nog nie behoorlik ondersoek is nie. Dit kon juis in hierdie werk ontleed gewees het. Wollerige stellings soos dat "armes hulle ook makliker van die sakramente weerhou het" (p. 119) en die bewering dat ten opsigte van die Kleurlinge in die 1981-verkieping bepaal is dat "twyfelaars nie mag registreer nie" (p. 112), en dies meer, doen beslis afbreuk aan die boek.

Wat die fisiese versorging en uitleg van die boek betref, is dit jammer dat die kunstenaarsvoorstelling van Danielskuil op die voorblad (met slange?) nie liewer vervang is met die foto van Danielskuil op p. 150 nie. Dit sou waarskynlik meer trefkrag gehad het. Tik- of setfoute wat deurgesluit het, is byvoorbeeld op p. 58 waar "Town Gaurd" seker "Guard" moes wees, p. 115 se "gewelddadig" met 'n d te min, p. 97 se "kleurlinggebied", p. 152 se "samelewing" en p. 13 waar "heterogene" twee maal "hetrogene" is! Hierdie onnoukeurighede kon onderskep word, soos ook ten opsigte van die verwysing op p. 87 na 'n illustrasie wat die leser dan self moet opspoor. 'n Probleem met eietydse verwysings, soos byvoorbeeld op p. 133 na die "40 dae-partytjies" is miskien dat dit nie so wyd bekend is as wat die skrywer aanneem nie. Anglisismes, soos D.H. van Zyl wat die Griekwas "nog een geslag gegee het voor hulle sou uitsterf" (p. 110) en die boer wat "beter af beskou is" (p. 124), kon uitgekakel gewees het. Die "hoë voorkoms" op p. 77 sou meer verstaanbaar wees as "algemene teenwoordigheid" of "aanwesigheid" gebruik is.

Alles in ag genome is *Danielskuil* 'n stewige bydrae tot streekgeskiedenis en kan hoë waardering daarvoor betuig word.

DIONÉ PRINSLOO

Universiteit van Suid-Afrika

**C.J. BARNARD**

*Die vyf swemmers: die ontsnapping van Willie Steyn en vier medekrygsgevangenes uit Ceylon, 1901*

Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers

1988

229 pp.

R27,50 (plus AVB)

*Die vyf swemmers* is die ware verhaal van Willie Steyn en sy vier medeburgers wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog deur die Engelse krygsgevangene geneem, in die Groenpuntkamp aangehou en daarvan na Ceylon verban is. In die hawe van Colombo het hulle waaghalsig uit hulle krygsgevangenskap ontsnap deur oorboord te glip en na 'n Russiese troepeskip te swem. Oor Rusland, Duitsland, Nederland en Duitswes het hulle seeweg en pad gegaan voordat hulle weer in Noord-Kaapland by die Boerekommando's kon aansluit. In 'n onontbeerlike naskrif vertel Barnard wat uiteindelik van die hoofkarakters in die boek in hulle latere lewe geword het. Om verder oor die inhoud van die boek uit te wei, is soos om die verhaal van 'n riller aan 'n voornemende fliëkganger te vertel - dit bederf alles.

Hierdie verhaal is reeds in 1932 deur L.A. Visagie vertel en onder die titel *Terug na kommando* deur Nasionale Pers gepubliseer. Omdat dit een van die klassieke ontsnappingsverhale in die Suid-Afrikaanse krygsgegeskiedenis is, het die werk drie herdrukke beleef. Onmiddellik kan gevra word waarom Barnard die verhaal opnuut moes vertel - waarom nie bloot 'n vierde herdruk van Visagie se boek nie? Die antwoord is eenvoudig: Barnard het met sy kenmerkende deeglikheid en snuffelvernuf daarin geslaag om gegewens op te spoor waaroor Visagie (en Willie Steyn!) nie beskik het nie.

Barnard vertel hierdie spannende - en soms aangrypende - verhaal vlot en boeiend en met groot deernis sonder om objektiwiteit in te boet. Dit maak die lees van die boek soveel genotvoller; jy weet dit is 'n deeglik geskoolde vakman wat die verhaal vertel. Voortdurend is jy daarvan bewus dat hier van sensasiebelustheid geen sprake is nie.

*Die vyf swemmers* is nie die verhaal van 'n groepie gewone Boerekrygsgevangenes nie. Die hoofkarakters in hierdie verhaal was elkeen op sy eie manier 'n uitsonderlike persoon en Barnard slaag daarin om van hulle mense van vlees en bloed te maak. Ten spyte van hulle sterk individualistiese trekke, leer ons tog deur hulle optrede veel aangaande die volksaard van die Afrikaner rondom die eeuwenteling. Barnard, met sy groot liefde vir detail, slaag bowendien daarin om die tydsgees van die betrokke periode treffend vas te vang.

Hoewel *Die vyf swemmers* 'n lekkerleesboek is, is dit deeglik verantwoord in 'n uitvoerige stel verwysings. Die bronnelys bevat wel baie van die bekende publikasies oor die Tweede Vryheidsoorlog, maar veral die oorsese koerante en tydskrifte wat geraadpleeg is, het die verhaal soveel lewendiger gemaak. Barnard het geen moeite ontsien nie en selfs Russiese publikasies laat vertaal.

Wie gedink het dat die uiteindelige produk van deeglike historiese navorsing noodwendig swaartwigtig en selfs onleesbaar sal wees, moet *Die vyf swemmers* neem en lees. Wanneer hy tot by hoofstuk vier en die ontsnappingspogings uit die Groenpuntkamp gevorder het, sal hy hierdie boek nie weer kan neersit nie.

"Die Tweede Vryheidsoorlog was die Boerevolk se grootste uur. Nooit tevore of daarna het die Boere sulke hoë aansien geniet onder die volkere van die wêreld nie," skryf Barnard op p. 154. Die verhaal van die ontsnapping van Willie Steyn en sy vier medekrygsgevangenes eggo juis daardie bruisende heldeverering wat Rus, Duitser en Nederlander rondom die eeuwenteling vir die Boer in sy stryd teen die magtige Britse Ryk gehad het. Die vyf swemmers was trouens onder die min Afrikaners wat hierdie heldeverering persoonlik ervaar het.

Opvallend is die simpatie en steun wat die Boere van die skeppende en uitvoerende Russiese kunstenaars ontvang het. So het 'n veertigtal Russiese skilders, waaronder die bekendste Russiese skilder van die tyd, Ilja Efimowitsj Repin, 'n pragalbum geïllustreer wat ten bate van die Boere verkoop is. Verder was die komponis Rimski-Korsakof en die operabas Fedor Ignatjewitsj Strawinski, vader van die later bekende komponis Igor Strawinski, groot Boere-ondersteuners.

Soos in sy boek *Generaal Louis Botha op die Natalse front 1899-1900* (Kaapstad, 1970), bevat Barnard se *Die vyf swemmers* ook uitstekende kaarte wat spesiaal vir hierdie publikasie geteken is. Sommige van die dertigtal foto's wat in die boek opgeneem is, is uniek en verhelder die teks, byvoorbeeld dié van die gebouekompleks van die Nederlandse Hervormde Kerk in St. Petersburg.

Wat netwerk betref, is hierdie boek haas foutvry. Juis daarom gee dit 'n resensent 'n vreemde behae om op p. 28 'n proefleesfout ("hoevel") in plaas van "hoewel") raak te sien. Die druk- en bindwerk is uitstekend. Die rooi omslag van *Die vyf swemmers* vang dadelik die oog. Daarop verskyn 'n natekening van 'n voorstelling van Willie Steyn se ontsnapping van die *Catalonia* in die hawe van Colombo, Ceylon, deur die Britse oorlogskunstenaar R.B.M. Paxton wat in 1903 in *The Wide World Magazine* van Londen verskyn het.

'n Boek soos hierdie hoef geen boodskap vir die huidige geslag te hê nie, maar vir diegene wat dit wel

verlang, gee die outeur die antwoord op p. 4, naamlik "dat moed, trou en onwrikbare vasberadenheid nog steeds die agting afdwing van vriend en vyand".

Dit mag wees dat *Die vyfswemmers* nie in alle historici se smaak sal val nie. Vir sommige mag die onderwerp te "klein" wees. Vir ander mag dit nie aktueel genoeg wees nie. Maar vir diegene wat 'n klap van die romantiek weg, het, is hierdie publikasie 'n voltreffer. Vir hulle word Barnard se langverwagte pennevrug van harte aanbeveel.

O.J.O. FERREIRA  
Universiteit van Pretoria

M.C. VAN ZYL (red.)  
*Noord-Transvaalrugby 50*  
Pretoria: Noord-Transvaalse Rugbyunie  
1988  
433 pp.  
Prys nie vermeld nie

Hierdie boek, waartoe verskeie skrywers meegewerk het, is geskryf om die vyftigjarige bestaan van die Noord-Transvaalse Rugbyunie in 1988 te herdenk. As sodanig is dit in die eerste plek bedoel as rekord van die selfstandige unie se prestasies en in hierdie opsig slaag dit baie goed. Van die eerste tot die laaste hoofstuk is dit propvol lesenswaardige gegewens oor spanne, wedstryde, persoonlikhede, verenigings, ens. Uiteraard is sommige gedeeltes meer boeiend as ander. Die hoofstuk wat waarskynlik die gewildste by die meeste lesers sal wees, is hoofstuk 5 deur Johan Volschenk: Onvergeetlike Rugbypersoonlikhede. Dis, afgesien van die inhoud, die leesbaarste wat skryfstyl betref.

Die ernstigste probleem met so 'n boek met verskeie medewerkers is gewoonlik dat die hoofstukke wissel in gehalte en styl. In hierdie geval is dit nie hinderlik nie. Wat wel die taak van 'n redakteur baie bemoeilik is die moontlikheid dat verskillende skrywers vanuit verskillende hoeke dieselfde gegewens mag aanbied en dat onnodige duplisering sodoende ontstaan. Hoewel herhaling nie noodwendig altyd ongewens is nie, kan dit tog hinderlik wees. Ongelukkig het dit in hierdie boek etlike kere gebeur. Die verowering van die Curriebeker in 1946 word verskeie kere deur verskillende skrywers genoem; die rekordtelling in die eindstryd teen die WP in 1980 etlike kere - selfs twee keer in een hoofstuk, op bladsye 82 en 97; die beroemde beskrywing van Mof Myburgh van Frik du Preez wat in die eindstryd teen die WP in 1969 "gedrop, geplace en gescore" het, op bladsye 156 en 213; die verwysing na die bekende grensregters Skip Scheepers van Oostelikes en Henry Gouws van Tukkie op bladsye 170 en 372, ens. Dit is jammer dat dit moes gebeur, want dit doen ongetwyfeld afbreuk aan die gehalte van die werk. 'n Ander opvallende herhaling kom voor in die gebruik van foto's van individuele spelers. Voorbeelde in hoofstukke 6 en 7 is Pierre Edwards (pp. 242 en 253), Thys Burger (pp. 243 en 253), en Darius Botha (pp. 248 en 260). In al hierdie gevalle is die speler in die een geval as Springbok aangedui en in die ander geval die getal wedstryde wat hy vir die provinsie gespeel het. Dit lyk na onnodige duplisering. In hoofstuk 6 is Daantjie van den Heever, wat nie Springbokkleure verwerf het nie, se foto twee keer binne drie bladsye opgeneem - bladsye 198 en 200!

Hierdie hinderlikhede ten spyt, het die boek veel meriete. Dit lees maklik, hoewel 'n mens kan agterkom dat hoofstuk 4 uit die Engels vertaal is omdat dit hier en daar lomp sinskonstruksies en onafrikaanse uitdrukkings bevat - die gevolg van direkte vertaling uit Engels. Nietemin bevat die boek as geheel, en spesifiek hoofstukke 1 tot 3 en 5 tot 7 talle beskrywings van wedstryde en voorvalle waarin vele lesers hulle sal verkenkel omdat dit herinneringe sal oproep wat hulle self van die kantlyn af - of op die veld self as spelers - beleef het, maar wat al in die herinnering begin vervaag het. 'n Goeie voorbeeld is die beskrywing van wedstryde op bladsye 96 tot 108. Hoofstukke 6 en 7, wat chronologies die unie se wedervaring van 1938 tot 1987 te boek stel, boekstaaf wel belangrike gegewens, maar dit ontaard ietwat in voorspelbare kroniekskrywing, met die beskrywing van wedstryd na wedstryd se belangrikste momente en die onderskeie spanne wat daarna aangegee word. Dit is ongelukkig een van die slaggate waarmee die sportgeskiedskrywer te doen kry en wat bitter moeilik te vermy is.

Die hoofstukke oor klubrugby en skolerugby bring goeie balans, want 'n rugbyunie se bedrywighede bestaan per slot van rekening nie net uit provinsiale wedstryde nie. Veral in die hoofstuk oor klubrugby kom spelers en administrateurs tot hulle reg wat nie op provinsiale vlak 'n rol gespeel het nie. En per slot van rekening lê die sterkte van enige rugbyunie tog in sy klubrugby. 'n Mens sou egter graag wou weet waarom en wanneer spanne soos Yskor, van wie se eerste span 'n foto op p. 309 verskyn, tot die eerste liga toegelaat is en hoekom hulle weer "verdwyn" het. 'n Goeie voorbeeld van erkenning aan spelers op kluuvlak kom voor op bladsy 304 waar meegedeel word dat die legendariese Frik du Preez, wat ook lank kaptein van Weermag was, nie die rekord hou vir die meeste wedstryde vir die klub nie. Die eer kom toe aan

Dolf Minnaar wat in 1987 nog vir sy span as loskopstut diens gedoen het en wat teen die einde van die 1986-seisoen reeds 286 wedstryde vir sy klub se eerste span gespeel het teenoor Frik se 260. In aansluiting by hoofstuk 8 oor klubrugby kom daar ook in hoofstuk 5 oor uitstaande rugbypersoonlikhede gegewens voor oor spelers wat nie in die provinsiale verhaal tot hul reg sou kom nie. Voorbeelde is die gedeelte oor "Krogh se rekords", onder andere oor 'n wedstryd wat net 25 sekondes geduur het, en dié oor die man met die kort humeur op die veld, Chris Thatcher. Opvallend is ook die veelsydigheid van vroeëre spelers: Groentjie Klopper het byvoorbeeld sy provinsie in die veertigerjare as vleuel, senter, losskakel, heelagter en slot verteenwoordig (p. 173). Dis egter eienaardig dat uitstaande spelers soos die jong Anton Prinsloo, onder-19-losskakel van Tukkies, wat in 1958 so goed gevaar het in junior ligawedstryde dat hy in Julie daardie jaar genooi is om in die Springbokproefwedstryde te speel sonder dat hy ooit aan enige senior wedstryd deelgeneem het, en wat in 1960 Junior Springbokkleure verwerf het, nérens in die teks genoem word nie, maar slegs in die statistiese bylaag op p. 392.

Dit is opvallend dat daar op meer as een plek van 'n "paleisrevolusie" in 1985 gepraat word (bv. p. 71) en dat daar in dieselfde verband op p. 143 na die 'jong Turke' verwys word, maar dat nérens enige poging aangewend word om te verduidelik waarom daar so 'n omwenteling plaasgevind het of waarom 'n drukgroep soos die 'jong Turke' ontstaan het nie. Insgelyks is daar 'n onbevredigende verklaring vir Buurman van Zyl se sukses as afrigter. Die klem op fiksheid en dissipline kan tog nie alleen as verklaring vir die reeks suksesse gedurende sy afrigterstyd dien nie. 'n Mens sou graag 'n duideliker verklaring vir sy taktiek wou hê, met spesifieke voorbeelde aan die hand van wedstryde. 'n Mens sou ook graag wou sien dat die goue era van Noord-Transvaalse rugby verklaar word in terme van die rol van spesifieke klubs - veral die Tukkies en Weermag. Dit is bekend dat elke rugbyunie wat 'n sterk studenteklub het 'n groot voorsprong op ander unies het. Hoewel Neil Steyn verwys na die opkoms van Tukkies sedert 1960 en die groot hoeveelheid talentvolle spelers wat die klub opgelewer het, en hoewel daar ook 'n terloopse verwysing na "geleende" spelers is wat kortstondig van oor die hele land vir Weermag beskikbaar is, word die rol van dié twee klubs in die suksesverhaal nie werklik belig nie. Dit sou byvoorbeeld interessant en insiggewend gewees het om te weet hoeveel spelers elk van die klubs tot die Noord-Transvaalse spanne bygedra het. Dié syfers sal op sigself al 'n verhaal vertel. As 'n mens na die lys Noord-Transvaalse spelers oor die jare in die uitstekende bylaag op pp. 385 tot 396 kyk, is dit treffend hoe dikwels dié twee klubs saam met Polisie figureer.

Die boek is ryklik geïllustreer met foto's en bevat ook 'n aantal pragtige kleurafdrukke, waarvan die dubbelbladfoto van Loftus Versfeld tydens die wedstryd tussen die Springbokke en die Nieu-Seelandse Kavaliers in 1986 waarskynlik die treffendste is. Heelwat aksiefoto's, wat dikwels nie so maklik op te spoor is nie, is ook ingesluit, waardeur die andersins statiese inhoud verbreek word. Dit is egter jammer dat daar nie meer sorg aan die taalkundige en tegniese versorging van fotobyskrifte geskenk is nie. Dit is veral by spanfoto's waar daar in dié opsig gesondig is. Daar is talle voorbeelde van onderskrifte sonder enige punktuasie. Die gevolg is 'n abominasie soos die volgende onderaan 'n foto op p. 61: LYTTLETON A-SPAN 1955 WENNER VIERDELIGA OOP NOORD AFDELING. Dit is beslis nie Afrikaans nie.

Daar is hier en daar ander kleiner hinderlikhede. Sommige hoofskrifopskrifte en subopskrifte sou meer sinvol gewees het indien daar datums bygevoeg was. Daar is ook dié stukkie onlogiese argumentering op p. 162: "Brewis was 'n taktikus sonder weerga. Hy kon in 'n breukdeel van 'n oomblik besluite neem wat die gang van wedstryde verander het." Dit bevat 'n teenstrydigheid: 'n taktikus is iemand wat 'n wedstryd kan "lees" en volgens 'n spesifieke plan of taktiek speel wat ook op die veld aangepas kan word. Die tweede sin sê juis dat Brewis geniaal was omdat hy instinkief besluite geneem het. Dit is voorts ook nie duidelik waarom hoofstuk 1 juis in 1864 wegval met bevolkingsgetalle nie. Dit sou meer sinvol gewees het indien met die eerste sportbyeenkoms in Pretoria in 1864 begin was. Ook die verwysing na die "Winchester-reëls" aan die begin van hierdie hoofstuk en na die "Groenpuntse meent, die bakermat van Suid-Afrikaanse rugby" sal vir die gewone leser, sonder 'n kort verduideliking, weinig of niks beteken.

Die kritiek ten spyte, is hierdie 'n verdienstelike werk wat baie byval behoort te vind. Daar is deeglike navorsing gedoen, nie net in skriftelike bronne nie, maar ook wat mondelinge getuienis betref en die verhaal is aantreklik aangebied.

D.H. HEYDENRYCH

*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

**N.A. COETZEE***Legende en sage*

Pretoria: N.A. Coetzee

1988

35 pp.

R15,00 (AVB ingesluit)

Hierdie werkie bevat "Die legende van Drie-Kops-Eiland" en 'n verhaaltjie genaamd "Tant Rebella Sage". Die titel van die boek *Legende en sage* voldoen ongelukkig nie aan die verwagtinge wat dit skep nie, aangesien daar nie 'n indringende beskouing van dié twee begrippe gegee of verteenwoordig word nie.

Dit is totaal onduidelik wat die bestemming van dié boekie is, veral ook omdat die outeur geen uiteensetting in 'n voorwoord gee van wat sy bedoeling met dié werkie is nie. Daar word bloot weggeval met die legende en die sage. Die trant van die twee verhaaltjies dui daarop dat dit nie vir 'n volwasse leeskring geskryf is nie, maar nou is die aanbiedingswyse weer van só 'n aard dat dit kennelik ook nie vir kinders geskryf is nie.

Verder wemel die werk van hinderlike taalfoute, spelfoute, lang en verwarrende sinne. In hierdie verband kan byvoorbeeld verwys word na p. 34: "Arabella as jongmeisie, met haar lang goue haarvlegels om die hals en kaalvoet, bloots al jagend met tou in die bek, op die Engelse kolonel se sterk oorlogsperd ..."

Die outeur meld dat hy, as lid van die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging, die basaltrotse in die bedding van die Rietrivier gaan bestudeer het. Hy verskaf interessante gegewens oor die totstandkoming van hierdie basaltrotse en val dan weg met die legende van die eiland. Is hierdie legende 'n verdigsel van die outeur of is dit inderdaad 'n bestaande legende wat hy opgeteken het?

Volgens die outeur is die "Tant Rebella Sage" 'n vry verwerking van "Tante Rebella's Saga", met toestemming van die outeur C.R. Pranee. Dit is jammer dat hy geen verdere bibliografiese besonderhede vir naslaandoeleindes verskaf nie. Vir die historikus sou dit betekenisvol gewees het as die outeur die agtergrond en oorsprong van hierdie verhaaltjie verder toegelig het. Uit die oogpunt van die historikus het hierdie boekie nie veel waarde as verwysingsbron nie, aangesien dit nie wetenskaplik gesteun word deur onder meer die verskaffing van bronneverwysings nie.

**ESTELLE E. PRETORIUS***Universiteit van Pretoria***D. NORTHRUP***Beyond the Bend in the River: African labor in Eastern Zaire, 1865-1940*

Athens, Ohio: Ohio University Press

1988

264 pp.

R25,00 (plus AVB)

Hierdie 52ste monografie in 'n reeks oor internasionale aangeleenthede is bedoel om by die studie van die Universiteit van Ohio asook die plaaslike gemeenskap in die Verenigde State van Amerika 'n groter bewussyn van die wêreld buite die eie staat te bevorder. Dit omvat 'n driekwarteeu van streeksontwikkeling wat sentreer rondom die arbeidsgeskiedenis van oostelike Zaire onder drie opeenvolgende politieke bewinde: eers die winsgewende handelsryk van die Zanzibariese sakeman Tippu Tib; daarna die Kongo-Vrystaat as persoonlike kolonie van die Belgiese koning Leopold II, en uiteindelik die oornam van die Kongo deur die Belgiese regering in 1908. Laasgenoemde word deurgetrek tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.

Oostelike Zaire is in die hartland van Afrika geleë, weerskante van die ewenaar en halfpad tussen die Atlantiese en Indiese Oseaan, ewe ver van Kaapstad en Kaïro. Juis die besondere ligging van hierdie streek en die groot afstand van die kus het dit tot die helfte van die 19de eeu afgesny van die kommersiële en politieke kragte wat elders in die wêreld vaardig was.

Vandag staan oostelike Zaire bekend as die provinsies Kivu en Opper-Zaire wat nagenoeg een-derde van die totale oppervlakte van Afrika se grootste Swart staat beslaan. Met meer as 760 000 km<sup>2</sup> is dit groter as die meeste huidige Afrika-state terwyl Frankryk, Engeland en België gemaklik binne die streek sal pas.

Die onderhawige monografie is eerder 'n studie van werkverskaffing as van arbeid as sodanig: aanvanklik die slawehandel wat die basis sou voorsien vir die Westerse koloniale arbeidstelsel; daarna die stelsel van gedwonge arbeid wat nooit in 'n situasie van vrye vraag en aanbod ontwikkel het nie omdat die Belgiese koloniale owerheid se vooroordele en ekonomiese beletsels lone aangebied het wat te laag was

om groot getalle werkers te lok. Weliswaar het hervorming van die amptelike arbeidsbeleid asook die reaksie van die Zairois op die uitdagings van die nuwe sosio-ekonomiese omstandighede ná die Eerste Wêreldoorlog en die daaropvolgende wêreldwye resessie die dwang-faktor verskraal en 'n kontant-ekonomie gestimuleer, maar dit sou eers die omwenteling as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog wees wat oostelike Zaire binne die dampkring van 'n industriële arbeidsmark sou plaas.

Die skrywer moes heelwat struikelblokke oorkom: die argivaliese oorblyfsels van Tippu Tib se bewind is skraal en tot laasgenoemde se outobiografie beperk; koning Leopold II het die meeste argivale bronne wat lig op sy praktyke kon werp, op die vooraand van die oornam van sy kolonie deur die Belgiese regering vernietig, terwyl regeringsdokumente van die tydperk 1908-1960 in laasgenoemde jaar na Brussel oorgeplaas is en steeds ontoeganklik vir die navorser bly. Die skrywer moes hom dus grootliks verlaat op provinsiale en distriksargiewe, sendeling-dokumente, privaatversamelings en periodieke publikasies.

Ongelukkig laat die outeur na om die rol van vroue-arbeiders te ontleed. Vroue-arbeid was altyd 'n belangrike komponent, veral in die landbou waar dit steeds oorheersend bly. Daar is uit tydgenootlike bronne ook volop aanduiding dat vroue as loon- en kontrakarbeiders voorkeur bo mans geniet het.

Weens die ontoeganklikheid van amptelike bronne en voorgaande gebrek bly hierdie ondersoek slegs 'n voorstudie. Dit het wel meriete as baanbrekerswerk, maar 'n breë streeksgeskiedenis wat alle fasette van die ekonomiese praktyke van Sentraal-Afrika sal bestryk, moet nog geskryf word.

A.P.J. VAN RENSBURG  
*Universiteit van Pretoria*

### **W.I.J. BOOT**

*De Nederlandsche Maatschappij voor de Walvischvaart*

Amsterdam: De Bataafsche Leeuw

1987

96 pp.

Prys nie vermeld nie

De geschiedschrijving van de oude, vroegkapitalistiese, voor-industriële walvisvangst in Nederland is sinds 100 jaar met ijver beoefend, die van de moderne, industrieel-kapitalistiese walvisvaart in dat land veel later, nadat andere landen waren voorgegaan. Prof. J.R. Bruijn en zijn studenten in Leiden werken nu aan dit onderwerp en hebben al enige artikelen gepubliceerd. Inmiddels heeft W.I.J. Boot een beknopt boek over de Nederlandsche Maatschappij voor de Walvischvaart (NMW) laten verschijnen. Hij biedt een hoofdstuk over walvissen en een over oude walvisvaart ter inleiding aan, maar hierin staan nogal wat fouten. Hij is beter op dreef in zijn daarna volgende beschrijving van het bedrijf der NMW. Hij beschrijft vele technische bijzonderheden en de loopbanen van de twee fabrieksschepen 'Willem Barendsz I en II' en de jachtboten. Zijn boek bevat vele fraaie foto's en tabellen over het bedrijf en de vangsten en is daardoor een waardevol naslagwerk.

### **De NMW en Zuid-Afrika**

De Nederlandse walvisvloot liep in het tijdperk 1946-1962 jaarlijks in Kaapstad aan en opereerde vanuit deze haven. Ze scheepte daar jaarlijks personeel en voorraden in. Een tabel in een artikel van J.R. Bruijn over de NMW in het *Economisch en Sociaal-Historisch Jaarboek*, deel 48 (Den Haag, 1985), toont het grote aantal Zuid-Afrikanen op de Nederlandse walvisvloot aan. De jachtboten overwinterden merendeels in de Tafelbaai en werden daar dikwijls gerepareerd en nagezien. Tal van scheepsfoto's in Boots boek hebben de Tafelberg of Leeuwenberg als achtergrond.

De 'Willem Barendsz II' is in 1964 als visverwerkingsschip aan een Zuidafrikaanse maatschappij verkocht. Volgens bewering hebben hij en het fabrieksschip 'Suiderkruis' bijgedragen tot de aanzienlijke vermindering van de sardijnvangst bij Zuid- en Zuidwest-Afrika. Mede daarom is de 'Willem Barendsz II' in 1973 verkocht aan een visserijmaatschappij in Zuid-Korea. Deze heeft de naam van het schip tweemaal veranderd en na verbouwing naar de noordelijke Grote Oceaan gestuurd. Daar is het nog in bedrijf, voorzover ik weet.

C. DE JONG  
*Pretoria*

**ROY STRONG***The Cult of Elizabeth: Elizabethan portraiture and pageantry*

Berkeley: University of California Press

1986

227 pp.

R45,00 (plus GST)

It was Richard Nixon who scornfully referred to someone as a "media-creation". Yet all modern celebrities, whether politicians, academics, film stars, or sportsmen, are, to some extent, creations of the media. The almost universal addiction to television and the ubiquity of the printed word and photographic image, have created the Age of the Celebrity. But what celebrities! How ruefully Nixon must have reflected that, if only he had consented to wear studio make-up for his great debate against the then-unknown parvenu, John Kennedy, he might have beaten Kennedy in that presidential election.

In pre-electronic societies (even in contemporary isolated rural communities), it is impossible for any leader to be a "media-creation" in the way that Yuri Andropov, for example, was a media-creation. After his election as the Soviet leader, the world was tantalized by glimpses of the human side of Mr Andropov: his enjoyment of Western jazz music; his liking for an occasional Scotch and soda after putting in a heavy day at the headquarters of the KGB - where for many years he was the chief inquisitor; the fact that he was married, and so on.

What a relief to turn from contemplating an Andropov or a Stalin, or even a Nixon or Bush, to Elizabeth I. Kings were called Fat, Bald, Fair, Good, Great and Terrible. Even although the word has been debased in modern currency, the word which most nearly describes Elizabeth is "genius". Elizabeth is arguably the greatest monarch ever to have sat on the English throne. Her range of personal gifts and talents dazzles the imagination even at a distance of four hundred years.

If she had not made her own story, it could not have been invented. The enormity of her success, sustained for such a long time, was seen by her contemporaries either as a sign of divine approbation or as an enigma of the divine will. To the Catholics she was the Great Heretic. To the Protestants she wielded the sword of the righteous ruler to defend the purified gospel of the Reformation against that Antichrist, that Pharaoh of all Pharaohs, the Bishop of Rome.

One may gauge the awe of her contemporaries from the words of the newly elected Pope Sixtus V when Elizabeth was fifty-three and had reigned for twenty-eight years; "She certainly is a great Queen, and, were she only a Catholic, she would be our dearly beloved. Just look how well she governs! She is only a woman, only mistress of half an island, yet she makes herself feared by Spain, by France, by the Empire, by all."

The passage of four hundred years has not diminished the amazement expressed by Pope Sixtus V. Elizabeth has always had her critics. Sir Roy Strong, the author of *The Cult of Elizabeth*, describes her as witty, wise, vain and ostentatious. The miracle of Elizabeth is that what she was, she was *consciously*. She certainly was the centre of a cult, but it was a cult that she created, honed, sustained and perfected over the long years of her reign.

There was nothing accidental about the cult of the Virgin Queen, of Gloriana, of *Eliza Triumphans*, of Fair Eliza, of Our Most Sovereign Lady. Elizabeth wore many personas, but no detail of any persona was accidental or unconscious. She was, in the words of a dazzled admirer, the most "artificial" of all people - high praise indeed when artificial meant well-mannered, self-controlled and acutely aware of all that happened around one. Another contemporary annalist wrote: "If ever any person had either the gift or the style to win the hearts of people, it was this Queen. [She coupled] mildness with majesty, stooping to the meanest sort. All her faculties were in motion and every motion seemed a well-guided action. Her eye was set upon one; her ear listened to another; her judgement ran upon a third; to a fourth she addressed her speech. Her spirit seemed to be everywhere."

It is the purpose of cults to make it seem as though the ruler is "everywhere". Yet Elizabeth's cult, unlike that of, say, Stalin, was a benevolent one. It became the focus of British national pride and the European Reformation; it became the inspiration of astonishing creativity and endeavour. On the one hand there are the plays of Shakespeare; on the other there is the ludicrous spectacle of Drake sailing right *into* the harbour at Cadiz to destroy Spanish ships *in situ*. They did the unthinkable because their mistress and queen was a kind of enduring miracle.

Nothing like it had ever happened before, nor could it ever happen again. As in the few golden ages of Western history there was an extraordinary upsurge of self-confidence and self-esteem, and it was Elizabeth who created and sustained the context in which this confidence could be maintained over the period of a whole human lifetime. Without Elizabeth and the stability of the nation which she so carefully nurtured, there could never have been the suppressed excitement, the daring, the pride, the explosions of imagination and good-humour which are the hallmarks of the Elizabethan age. It is just not possible to sail *under* the cannons of the Cadiz harbour fortifications; it is just not possible to write what Shakespeare

wrote (learned law lords are still debating that today). Yet it all happened. And Elizabeth created the conditions in which it could happen.

Sir Roy Strong's book is a feast of delights for those who already have some understanding of the history and dynamics of the Elizabethan age. It is beautifully illustrated (91 illustrations) and intelligently written. In producing a paperback edition, Thames and Hudson have sacrificed none of the quality of the original hardcover edition. This book would be essential stock in any university (or even high school) library, and the new edition brings it out at a most reasonable and affordable price. Newcomers to Tudor studies might have their interest aroused and move on to some more accessible life of Elizabeth such as that by Sir John Neale (*Queen Elizabeth I*).

To those who already have an understanding of the Elizabethan psyche, there are fascinating details of how the cult of Elizabeth was central to the life of courtiers and the aristocracy. For, although Elizabeth assiduously courted the common people, her cult was the instrument whereby her personal government became a reality. Her cult was not just an affectation: it was her personal style, an expression of her innermost being, without which she could never have been the person she was.

Elizabeth would have appreciated modern feminism, for she battled all her life against the prejudices which men felt towards a female ruler. If modern feminism needs a patron saint, Elizabeth would fit the bill. No man could have achieved what she did without arousing immense opposition. Louis XIV's cult of the Sun King is the nearest male equivalent of the cult of Gloriana, and it is arguable that the seeds of 1789 were planted by Louis XIV. The glory of Elizabeth is distinctively the product of female nature at its most intelligent, effective, compassionate, firm, dynamic, humorous, charming and creative. Elizabeth became, by design and toil, the personification of the Great Queen and the Great Mother of the Nation. Yet it all looked so easy and so natural.

No man could challenge her authority successfully. Essex tried and lost his head. In her own stubbornly female way, she was more of a man than any man in the kingdom. When she was dying, after a long, long reign, she refused to go to bed and half sat, half lay on a pile of cushions for many weeks. When Cecil begged her to go to her bed, he used the word "must". Elizabeth is reputed to have rebuked him with the words, "Must", little man, is not a word one uses to princes."

Sir Roy Strong's book is a delight to read: it stimulates our thinking; it challenges our prejudices; it dispels our ignorance; it corrects our misconceptions. But, above all, it is a treasure chest of intellectual and aesthetic pleasures. Although primarily a book for the specialist historian or the art historian, it can be read with pleasure by any person who has at least a basic understanding of the Tudor period. And who has not studied at least some Shakespeare at school? I cannot recommend it too highly.

ESTELLE A. MARÉ

*University of South Africa*

### CHARLES C. TRENCH

*The Indian Army and the King's enemies 1900-1947*

Londen: Thames & Hudson

1988

312 pp.

R95,40 (plus AVB)

Hierdie boek, in 'n hardeband, bevat 20 kaarte en sketsplanne, ongeveer vyftig sinvolle foto's wat goed afgedruk is, 'n inhoudsopgawe, lys erkennings, voorwoord, baie geslaagde bibliografie, bruikbare chronologiese raamwerk, 'n samevatting en verklaring van moontlike vreemde woorde, vergelykbare Indiese en Britse militêre range, 'n verklaring van die afkortings gebruik, 'n deeglike register en 'n vermelding van die bronne van die illustrasies. Kortom, tegnies is dit 'n afgeronde, versorgde publikasie deur die bejaarde Trench as gesoute amptenaar en ywerige skrywer - juis ook van sodanige boeke.

Die titel dek presies die inhoud van die boek - die interessante rol deur daardie vreemde militêre groep, die Brits-Indiese Leër, gespeel sedert dit teen 1900 'n soort eie beslag onder Britse leiding en invloed gekry het. Uit baie tale, gelowe en agtergronde is hierdie mag oor veertig, vyftig jaar deur vrywilligers saamgestel. Teen 'n lae soldy was hulle merendeels 'n hulpmag, maar trots op hulle keuring, groeiende aansien en toenemende invloed.

In bykans 25 hoofstukke word onder meer verwys na die omstandighede tot 1900, die sosio-kulturele skakeling met en invloed van Britse offisiere op hierdie Indiese krygers, hul rol in die Eerste Wêreldoorlog gespeel - wat beperk en selfs betreurenswaardig was - maar wat wyd gestrek het byvoorbeeld in Europa, by Gallipoli, in Afrika en in die Midde-Ooste. Dit gaan om die bekende en gevreesde Goerkha, die Indiese Leër tussen twee wêreldoorloë, hulle rol oor 'n wye gebied tydens die Tweede Wêreldoorlog gespeel - weer in Europa, Afrika, by kleiner insidente, met die opmars van die Agste Leër, in Asië op talle plekke en



verskillende maniere. Ten slotte het die Indiese Leër die onafhanklikheid van Indië en Pakistan in 1947 baie geslaagd help hanteer.

Die boek wemel van besonderhede, aanhalings, anekdotes en insidente, die name van hierdie talle Indiese leiers, die aantal *Victoria Cross*-toekennings verwerf en onder watter omstandighede dit behaal is. Die onderlinge verhouding tussen verskillende geloofsgroepe in hierdie leërmag, hulle verhouding met Japanners, Turke, Palestyne, Europeërs in die Ooste, hulle invloed as verkenner, die volhardende rol onder haglike omstandighede gespeel en die krag van dié ruitery ontvang alles 'n lewendige, realistiese beskrywing. In daardie sin is al die inligting 'n verrassende, vreemdsoortige openbaring.

Skrywer Trench se waardering vir hierdie Indiese Leër raak egter soms subjektief. Die volledige verslag, byna op die voet af aangebied, is dalk net te oorweldigend. Sy stellings en aanhalings en feite kan op geen wyse nagegaan word nie omdat verwysings ontbreek. In daardie sin is die geselekteerde bibliografie, wat ook na primêre bronne verwys, vry nutteloos. Tog kan sy vertolkings, en sy weergawes van verstommende getalle, verbysterende tegniese omstandighede, onderlinge haatgevoelens, die invloed van woestyn, oerwoud, moeras of epidemie plus wisselende internasionale politieke onbetroubaarheid geredelik aanvaar word. Die baie besonderhede verstuur natuurlik dikwels die hoofsin en in daardie opsig is die verhaalvloei ietwat horterig.

Die publikasie sal onwaarskynlik deur enige groep in Suid-Afrika wyd gelees word. Dis darem 'n te vreemde, nie ter sake nie, tema - ook vir Britse koninklike vriende en vyande, om dan na die subtitel te verwys! Maar dat dit die historiese horison verruim, laat geen twyfel nie. Trouens, 'n leser beseft dat dit eerstens en laastens om 'n verskeidenheid mense binne 'n ryke milieu gaan. Die kulturele insig bekom, is dan ook eweneens verkwikend.

MARIUS J. SWART

*Universiteit van Port Elizabeth*